# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 30

Vraag 80: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?

Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het, en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word, wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader is en daar deur ons aanbid wil word. Die Roomse mis, daarenteen, leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes [illegible] nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer [illegible] Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en d[illegible]e daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as '[illegible]ëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en 'n afgodery wa[illegible]ek is.



Vraag 81: W[illegible]et na die nagmaalstafel [illegible]e Here kom?

Antwoord: Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer v[illegible]lleself het, maar tog [illegible]t dit hulle om[illegible] wil vergewe is en d[illegible]swakhede wat [illegible] lydi[illegible]k is; en die wat o[illegible]geer om hulle [illegible]r. Maar die [illegible]en drink 'n [illegible]

Vraag 82: Moet die mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?

Antwoord: Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek.

Vraag 80: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?



Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het,

Matteus 26:28: want dit is my bloed, die bloed van die verbond wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sondes.

Lukas 22:19-20: En Hy het brood geneem, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, breek Hy dit, en gee dit vir hulle, en sê: “Dit is my liggaam, wat vir julle gegee word. Doen dit om My in herinnering te bring.” So ook met die beker ná die ete, met die woorde: “Hierdie beker, wat ter wille van julle uitgegiet word, is die nuwe verbond deur my bloed.

Johannes 19:30: Toe Jesus die suur wyn geneem het, sê Hy: “Dit is volbring!” En Hy het sy kop vooroor gebuig en sy gees oorgegee.

Hebreërs 7:26-27: So 'n hoëpriester was ook vir ons gepas: een wat heilig, onskuldig, onbevlek, afgesonder van die sondaars, en hoër as die hemele verhef is, wat, anders as die hoëpriesters, nie elke dag nodig het om eers ter wille van hulle eie sondes offers te bring, en daarna vir die volk nie. Want dit het Hy eens en vir altyd gedoen toe Hy Homself as 'n offer gebring het.

Hebreërs 9:12: Hy het ook nie met die bloed van bokramme en bulkalwers nie, maar eens en vir altyd, met sy eie bloed, die heiligdom binnegegaan, en 'n ewige verlossing bewerkstellig.

Vraag 80: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?



Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het,

Hebreërs 9:12: Hy het ook nie met die bloed van bokramme en bulkalwers nie, maar eens en vir altyd, met sy eie bloed, die heiligdom binnegegaan, en 'n ewige verlossing bewerkstellig.

Hebreërs 9:24-28: Want Christus het nie 'n mensgemaakte heiligdom, 'n nabootsing van die ware een, binnegegaan nie, maar die hemel self, om nou ter wille van ons voor God te verskyn; ook nie sodat Hy Homself herhaaldelik sou offer nie – anders as die hoëpriester, wat jaar ná jaar in die Heilige met 'n ander se bloed ingaan – aangesien Hy dan dikwels, van die grondlegging van die wêreld af, sou moes ly. Maar nou, by die volheid van die tye, het Hy eens en vir altyd verskyn om met sy offer die sonde ter syde te stel. En net soos dit bestem is vir mense om slegs een maal te sterf, en daarna kom die oordeel, so sal Christus, nadat Hy eenmalig geoffer is om die sondes van baie te dra, 'n tweede maal verskyn aan hulle wat Hom verwag, nie weens sonde nie, maar om hulle te verlos.

Hebreërs 10:10; 12; 14: Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, eens en vir altyd. ... 12 maar toe Christus vir altyd een offer ter wille van sondes gebring het, het Hy aan die regterhand van God gaan sit. ... 14 Want deur een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak.

Vraag 80: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?



Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het, en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word,

1 Korintiërs 6:17: Maar die persoon wat homself aan die Here verbind, is een gees met Hom.

1 Korintiërs 10:16-17: Die beker van danksegging, waaroor ons die dankgebed uitspreek, is dit nie deelname aan die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie deelname aan die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.

Vraag 80: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?



Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het, en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word, wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader is

Johannes 20:17: Jesus sê vir haar: “Moenie My langer vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader opgevaar nie. Maar gaan na my broers en sê vir hulle, ‘Ek vaar op na my Vader, en julle Vader, en na my God en julle God.’ ”

Kolossense 3:1: As julle dan saam met Christus opgewek is, streef na dit wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit.

Hebreërs 1:3: Hy is die uitstraling van God se heerlikheid, en die ewebeeld van sy wese. Hy hou alles in stand deur sy magtige woord; en nadat Hy die reiniging van sondes bewerk het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogtes.

Hebreërs 8:1: Die hoofsaak van wat gesê is, is dat ons só 'n Hoëpriester het: Een wat gaan sit het aan die regterkant van die troon van die Majesteit in die hemele,

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 30

Vraag 80: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?



Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het, en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word, wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader is en daar deur ons aanbid wil word.

Lukas 24:51-52: Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan, en is in die hemel opgeneem. Hulle het Hom aanbid, en met groot blydskap na Jerusalem teruggekeer

Handelinge 7:55: Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het stip na die hemel gekyk en die heerlikheid van God gesien, en Jesus wat aan die regterhand van God staan.

Filippense 3:20: Ons burgerskap is egter in die hemel, vanwaar ons as Verlosser die Here Jesus Christus verwag.

Kolossense 3:1: As julle dan saam met Christus opgewek is, streef na dit wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit.

1 Tessalonisense 1:10: en om sy Seun wat Hy uit die dode opgewek het, uit die hemel te bly verwag – Jesus, wat ons red uit die oordeel wat kom.

Vraag 80: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?



Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het, en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word, wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader is en daar deur ons aanbid wil word. Die Roomse mis, daarenteen, leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word. Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en 'n afgodery wat vervloek is.

Hebreërs 9:26: angesien Hy dan dikwels, van die grondlegging van die wêreld af, sou moes ly. Maar nou, by die volheid van die tye, het Hy eens en vir altyd verskyn om met sy offer die sonde ter syde te stel.

Hebreërs 10:12: maar toe Christus vir altyd een offer ter wille van sondes gebring het, het Hy aan die regterhand van God gaan sit

Hebreërs 10:14: Want deur een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak.

Vraag 81: Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?



Antwoord: Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en die wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself.

1 Korintiërs 10:19-22: Wat bedoel ek hiermee? Dat 'n afgodsoffer tog iets is, of dat 'n afgod iets is? Nee, maar wat hulle offer, offer hulle aan demone, nie aan God nie – en ek wil nie hê dat julle aan demone deel moet hê nie. Julle kan nie die beker van die Here drink én die beker van demone nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here én aan die tafel van demone nie. Of is ons besig om die Here jaloers te maak? Is ons dan sterker as Hy?

1 Korintiërs 11:28: Maar laat elkeen homself ondersoek, en daarvolgens van die brood eet en uit die beker drink.

Vraag 82: Moet die mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?

Antwoord: Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek.



Psalm 50:16: Maar vir die goddelose sê God: "Watter reg het jy om my voorskrifte op te sê en my verbond op jou lippe te neem?

Jesaja 1:11: "Wat baat julle magdom slagoffers My?" vra die HERE. "Ek het genoeg gehad van die brandoffers van ramme en die vet van gevoerde diere. Die bloed van bulle, lammers en bokramme staan My nie aan nie.

Jesaja 66:3: Iemand slag 'n bul, en vel 'n mens neer; bring 'n lam as maaltydoffer, en breek die nek van 'n hond; bring 'n graanoffer, en ook die bloed van varke; bring wierook as simboliese offer, en prys 'n valse god aan. Aangesien hierdie mense hulle eie paaie gekies het, en hulle sielsgelukkig is met hulle verfoeilike afgode,

Jeremia 7:21: " 'So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: "Julle brandoffers, voeg dit by julle maaltydoffers en eet vleis!

1 Korintiërs 11:20: Wanneer julle saamkom, is dit nie werklik om die Here se maaltyd te eet nie;

1 Korintiërs 11:34: As iemand honger is, laat hy tuis eet, sodat julle nie 'n oordeel oor julle bring wanneer julle saamkom nie. Die oorblywende sake sal ek reël sodra ek kom.

Vraag 80: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?

Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het, en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word, wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader is en daar deur ons aanbid wil word. Die Roomse mis, daarenteen, leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word. Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en 'n afgodery wat vervloek is.

Vraag 81: Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?

Antwoord: Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en die wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself.

Vraag 82: Moet die mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?

Antwoord: Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek.

## SONDAG: 30 - VRAAG EN ANTWOORD: 80

Vraag: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?

Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het[1], en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word[2], wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader is[3] en daar deur ons aanbid wil word[4]. Die Roomse mis, daarenteen, leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word. Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en 'n afgodery wat vervloek is[5].

1 Matteus 26:28; Lukas 22:19-20; Johannes 19:30; Hebreërs 7:26-27; Hebreërs 9:12; Hebreërs 9:24-28; Hebreërs 10:10; Hebreërs 10:12; Hebreërs 10:14
2 1 Korintiërs 6:17; 1 Korintiërs 10:16-17
3 Johannes 20:17; Kolossense 3:1; Hebreërs 1:3; Hebreërs 8:1
4 Lukas 24:51-52; Handelinge 7:55; Filippense 3:20; Kolossense 3:1; 1 Tessalonisense 1:10
5 Hebreërs 9:26; Hebreërs 10:12; Hebreërs 10:14

## SONDAG: 30 - VRAAG EN ANTWOORD: 81

Vraag: Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?

Antwoord: Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en die wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself[1].

1 1 Korintiërs 10:19-22; 1 Korintiërs 11:28

## SONDAG: 30 - VRAAG EN ANTWOORD: 82

Vraag: Moet die mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle Sondag: Vraag en Antwoord:  en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?

Antwoord: Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek[1].

1 Psalm 50:16; Jesaja 1:11; Jesaja 66:3; Jeremia 7:21; 1 Korintiërs 11:20; 1 Korintiërs 11:34